Wes-Kaapse Regering
Landbou
BETER TESAME.

Weeklikse graanmarkverslag

Bemarking- en Agribesigheidsafdeling www.elsenburg.com

02 April 2015

Carine van Zyl
Tel: (021) 808 5189

1. SAFEX (MTM-PRYSE)

Die MTM-prys op Vrydag 2 April 2015 vir koringlewering in April was R3 869 per ton gelewer te Randfontein.

	MTM-pryse (02/04/2015) R/mt					Week eindig R/mt 27/03/2015	Vergelykende verhandelings-dag R/mt 04/04/2014	% Verandering
Kommoditeit	***Apr-15***	***Mei-15***	***Jul-15***	***Sep-15***	***Des-15***	***Apr-15***	***Apr-14***	***Apr-14 tot Apr-15***
Koring (RFTN)	3869	3896	3927	3842	3785	3844	3970	-3%
Geelmielies	2396	2402	2374	2411	2440	2427	2544	-6%
Witmielies	2559	2570	2579	2617	2667	2624	2855	-10%
Sonneblom	4860	4870	4957	5080	5190	4900	4900	-1%
Sojabone 50ton	4816	4832	4890	4966	5030	4760	5904	-18%
Sorghum	-	2475	2425	2480	-	-	2780 **(Mei-14)**	-11% ***(Mei-14 tot Mei-15)***
Geelmielies 10ton	-	-	-	-	-	-	-	-
Witmielies 10ton	-	-	-	-	-	-	-	-

Bron: SAFEX, 2014 & 2015

Wintergewasse: Die koringprys vir lewering in April het die week op R3 869 per ton gesluit, slegs R25 per ton laer as die vorige week en R101 per ton hoër as die vergelykende verhandelingsdag in 2014.

Gedurende die week 21-27 Maart, is daar 4 000 ton koring gelewer (*SAGIS*, 2015), ongeveer 3 000 ton minder koring gelewer as die vorige week en een van die laagste leweringsweke diè seisoen (uitgesluit die weke rondom Desember & Nuwejaars-vakansie). Dit bring die *SAGIS*

koringleweringssyfer vir die seisoen vanaf 27 September 2014 op 1 669 124 ton (*SAGIS,* 2015); 94.01% van die nasionale oesskatting wat 1.775 miljoen ton beloop.

Koringkultivar navorsing om hoër opbrengs te lewer: Soos reeds by verskeie geleenthede oor die jare aan die lig gekom het, is koringprodusente op soek na kultivars wat opbrengs kan verhoog en sodoende meer winsgewend mee geboer te kan word. 'n Program wat juis hierop sal fokus, word eersdaags deur *GraanSA*, die *Universiteit Stellenbosch, Sensako, Pannar* en die *Kleingraaninstutuut* van die *LNR,* begin. 'n Voortelingsprogram is deel van die program wat deur die *Wintergraantrust* finansier sal word. Dié maatskappye/ instansies sal hul eie geld en die geld wat hulle van die *Wintergraantrust* ontvang om koringkultivars vir die plaaslike bedryf te ontwikkel. "*Fisiologiese voorteling sal eienskappe teiken wat opbrengs kan verbeter. Dit kan byvoorbeeld gedoen word deur plante meer aanpasbaar te maak teenoor abiotiese stressors, bv. reën, wind, sonlig, temperatuur, hoogte, grondtipe, -suurheid en -vrugbaarheid*." Noue samewerking tussen die partye sal egter benodig word om die poging te laat werk. Bron: *Landbouweekblad*, 2015

Vir die week 21-27 Maart is daar 6 726 ton koring na die buurlande uitgevoer, die uitvoere bring die totale uitvoere vir die seisoen tot 131 503 ton (*SAGIS,* 2015). Daar is ook die week in totaal 79 520 ton ingevoer (27 324 ton vanaf Australië, 17 940 ton Rusland en 34 256 ton vanaf Oekraïene); dus is die progressiewe koringinvoere vir die seisoen 1 049 316 ton (*SAGIS*, 2015).

Invoerpariteit van VSA koring het oor die afgelope week met ongeveer R100 per ton gedaal; vir lewering in Randfontein is dit op R4 452 per ton bereken, teenoor R4 059 per ton gelewer in Durban volgens *GraanSA* se berekeninge. Invoerpariteit van Duitse koring gelewer in Randfontein het die week op R3 856 per ton te staan gekom en R3 456 per ton vir lewering in Durban. Die invoerpariteit van Argentynse koring gelewer in Randfontein word op R4 039 per ton gereken en R3 639 per ton vir lewering in Durban, ongeveer R50 per ton laer as die twee weke gelede (*GraanSA*, 2015).

Die *USDA* reken dat daar in die 2015 'n rekord laagtepunt in die koring aanplantingsoppervlak sal wees; 450 000 hektaar met produksie op 1.7 miljoen ton *(Agrimoney*, 2015). Die *USDA* verwag dat diè daling in die koringoppervlak asook die koringproduksie in die toekoms sal volhou, en dat Suid-Afrika se invoere tot 1.9 miljoen ton sal styg om aan die groeiende (6%) vraag te voldoen (*Agrimoney*, 2015). Die amptelike voorneme om koring in Suid-Afrika te plant word egter eers in April deur *Nasionale Oesskattingkomitee (NOK)* bekend gemaak.

Tolhekke op die N1 en N2: Swaar voertuie sal tussen R40 tot R216 moet opdok vir elkeen van die tien tolhekke wat op die N1- en N2- Wynland-tolprojek in die Wes-Kaap beoog word, sou die projek die groen lig kry. Studies gedoen voordat die syfers bekend gemaak is, het wel getoon dat die tolprojek landbou etlike miljoene rande kos; kostes wat die landboubedrywe nie sal kan dra nie. "*Die impak van die tolpaaie langs die waardeketting sal waarskynlik afwentel tot op plaasvlak*" (*Landbouweekblad,* 2015).

<u>Somergewasse</u>: Swak weerstoestande vroeg in die somergraanseisoen se negatiewe impak is versterk deur die droë toestande gedurende die bestuiwingsperiod, veral vir mielies. Die jongste oesskatting vir mielies dui aan dat die Vrystaat en Noordwes provinsies wat in die 2014 verantwoordelik was vir 64% van die mielie-oes in Suid-Afrika, vanjaar slegs 'n bydra van 56% tot die nasionale mielie-oes sal maak. Die oesskatting dui verder die mielie-oes op 9 666 350 ton vanaf 2 652 850 hektaar aangeplant aan; 4 639 400 ton witmielies (-40% op die vorige seisoen) en 5 026 950 ton geelmielies (-23% op die vorige seisoen). Die Die aanplantingsoppervlak vir mielies is 1.3% laer as die vorige seisoen, terwyl die gemiddelde daling in die mielieproduksie van 32% daling.

Oesbepaling is uiters moeilik in so 'n jaar, en sal waarskynlik ná strooptyd eers behoorlik gedoen kan word. Gevolglik sal die vroeë mielielewering dopgehou word om hopelike meer insae op die werklike grootte van die oes te kan hê. Die meegaande grafiek, saamgestel deur *BVG Commodites,* toon die wit-en geelmielielewerings gedurende Maart-maand vanaf 2000 tot 2015. Daar word ook verwag dat produsente wat dit kan bybring witmielies gaan terughou in 'n poging om om beter prys later mee te ding, terwyl ander produsente moontlik vir eers so min moontlik skuld sal wil aangaan a.g.v die heersende onsekerheid. Selfs die voorgestelde proses om die distrik waar die droogte voorgekom het as 'n droogte-gebied te verklaar is hangende.

Volgens *Agri SA,* het Suid-Afrika het goeie wetgewing, beleid en stelsels om op rampe te reageer, maar om dit in werking te stel is 'n uitgerekte en ingewikkelde proses. Gevolglik is daar kommer oor hoe graanprodusente produksie-krediet vir die komende seisoen gaan kry.



Mielie-invoere sal ongetwyfeld deel uitmaak van die seisoen se voorraad, en dit is bevestig dat daar reeds verskeping vanaf Argentinië en Oekraïene bespreek is om tot en met Maart 2016 te lewer. Die mielies vanuit Suid-Amerika is tot dusver bestem vir voer aan die Wes-Kaapse melkbedryf (*Bloomberg*, 2015). Die mielie-invoere behoort binnekort te begin inkom, wat dan die eerste invoere vir die seisoen sal wees. Die totale geelmielie- en witmielie-uitvoere vir die seisoen staan onderskeidelik op 1 393 700 ton en 496 931 ton (*SAGIS*, 2015).

Die prys vir geel- en witmielies vir lewering in April het onderskeidelik die week op R2 396 per ton en R2 559 per ton gesluit (*SAFEX,* 2015). Die geelmielies is R58 per ton laer as die vorige week, terwyl die prys van witmielies die week R65 per ton laer as die vorige week gesluit het. Die prys vir geel- en witmielielewering in April was verder onderskeidelik 6% (R148 per ton) en 11% (R296 per ton) laer as die vorige jaar se vergelykende verhandelingsdag. Die grootste deel van die swakker weerstoestande en die swakker oes is reeds in die plaaslike pryse in gewerk, enige verder drastiese verandering in die oes sal dan 'n verdere effek op die prys hê. Buiten die plaaslike fundametele faktore, word die prys ook beïnvloed deur die laer VSA-prys a.g.v. die groter verwagte aanplantings in die VSA) en die sterkter Rand. Daar word verwag dat die plaaslike prys die VSA pryse relatief behoort na te volg, a.g.v. die gebrek aan plaaslike inligting voor die paasnaweek (*Senwes*, 2015).

Die prysverskil tussen geel- en witmielies was die week R163 per ton (vir lewering in April), in lyn met die vorige week se verskil, maar heelwat laer as die R253 per ton verskil van twee weke gelede (*SAFEX,* 2015). Die prysverskil vir Julie-lewerings was die week R204 per ton. Die verskil tussen die wit-en geelmielieprys het reeds teruggesak van die kortstondig hoogtepunt en is nou in die normale prysband van R160 en R300 (*BVG,* 2015).

Soos reeds vroeg die seisoen die vermoede was, is daar tog mielies ingeboet vir sojaboon aanplantings; tans blyk dit 'n wyse besluit te gewees het met die sojas wat op plekke veel beter as die mielies staan. Die laat neerslae het 'n groter impak op sojabone as op mielie gehad, al was dit ook al redelik laat in die groeiseisoen. Die droogteskade is nietemin groot; die jongste oesskatting toon die sojaboonoes op 942 850 ton, net minder as die 948 000 ton geoes in die vorige jaar (*NOK,* 2015), terwyl die nasionale oppervlakte onder sojabone is vanjaar bykans 37% hoër as in 2014 was.

2. EKONOMIE & ENERGIE

Gemengde internasionale nuus die week; die VSA se verbruikersvertroue het in Maart verbeter, dus 'n bewys dat 'swakheid' in die ekonomie gedurende Januarie en Februarie slegs tydelik was. In die *Eurozone* het die werkloosheid vir Februarie gedaal, maar inflasie is so laag as -0.1%*;* volgens verskeie analiste is diè sogenaamde *'lowflation'* nog lank voortduur in die ekonomiese area. Die vervaardingsdata van China het effe beter as verwag vertoon, maar is steeds op lae vlakke. Griekeland se '*bailout*' is die vorige week reeds uitgestel, maar steeds kan die betrokke

partye nie die besonderhede van die ooreenkoms uitklaar nie. Gevolglik het Griekeland min tyd om die ooreenkoms uit te sorteer voordat hul geldelike probleme ondervind (*Reuters*, 2015).

'n *Reuters* meningsopname het toon dat die prys van Brent ru-olie van onder die $60 per vat in 2015 en wat geleidelik tot $80 per vat in 2018 sal styg.

Suid-Afrika se handelstekort is weereens groter as verwag, maar tog kleiner as die vorige maand (*RMB,* 2015). Ten spyte van die laer energie insetkoste is die huidige handelstekort tog groter as die vergelykende periode in 2014 (*RMB,* 2015).

Volgens *RMB*, "*on a trade weighted basis, the Rand has been flat over the past year*." Die Rand se geweegde gemiddelde koers teen 10h30, 2 April 2015 waarteen dit teenoor die *VS-Dollar* verhandel het, was R11.96 (*Reserwe Bank*, 2015). Die *Britse pond* het Vrydag teen R17.74 en die *Euro* het teen R12.95 teenoor die Rand verhandel (*Reserwe Bank*, 2015).



3. INTERNASIONALE SITUASIE

Die **Europese Unie (EU)** sny die koringvoorraad-skatting vir einde 2015/16; dit word meegebring deur die hoër as verwagte gebruik van koring in veevoer; diè hoër verbruik is egter ten koste van mielies (*Agrimoney,* 2015).

Die koringpryse in die **VSA** het reeds vroeg in die week met soveel as 4% gestyg a.g.v. die droogte kommer in die sentrale en suidelike *Plains*-area in die VSA, waar '*hard red winter*' (HRW) koring geproduseer word (*Agrimoney,* 2015). Die ongunstige toestande verhoog die negatiewe impak op die saailinge wat nou vanuit die dormante stadium ontwikkel en vog benodig om te kan groei. "*No significant rainfall are forecast in these areas, while above-normal temperatures will also accelerate growth of the wheat crop; thus little improvement in the situation is expected*" (*Agrimoney*, 2015).

Die **VSA** se jongste skattings toon die mielievoorraad op 7.75 biljoen bushels (*USDA*, 2015), 130 miljoen bushels meer as die verwagting. Gevolglik het die mielieprys in die VSA met 5% gedaal (*Agrimoney*, 2015). Die volumes wat aan veevoer toegedeel is word as die grootste oorsaak van die daling gereken, aangesien die uitvoer- en etanolmarkte fyn dopgehou word. Volgens *Societe Generale,* "*this could suggest that US feed demand has not recovered as quickly as we are currently expecting, despite expansion in the hog and poultry sectors*", terwyl *Rabobank* reken dat die VSA "*might lower its feed/residual use for 2014/15*" in die komende maandelikse *WASDE*-verslag. Verskeie analiste is verder daarvan oortuig dat die "*USDA underestimated last year's corn crop*" (*Agrimoney*, 2015).